Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-06-23

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 10/2023

Ons het die einde van ‘n baie besige kwartaal bereik. Tussen al die wintersport- en kultuuraktiwiteite deur het ons ook nog ‘n suksesvolle leerderkonsert aangebied wat aan elke leerder die geleentheid gebied het om op die verhoog te verskyn. Die kwartaal het afgesluit met die skryf van ons Junie-eksamens deur al die Gr. 4-7-leerders. ‘n Aangename winter-skoolvakansie word aan elkeen toegewens.

Skoolkommunikasie (D6 / WhatsApp): Die *D6*-kommunikasietoep wat ons tot dusver gebruik het om belangrike inligting vanaf die skoolkantoor vinnig by ouers uit te kry sal vanaf 1 Julie nie meer in gebruik wees nie. U is welkom om die toep van u foon en/of rekenaar te verwyder. Die skoolkantoor gaan voorts deur *WhatsApp-groep* met ouers korrespondeer. ‘n *Whatsapp “broadcast”-groep* is vir die doel gestig. Die *WhatsApp “broadcast”-groep* sal slegs vir kommunikasie vanaf die skoolkantoor gebruik word om belangrike nuus en boodskappe oor te dra. Moet asseblief nie boodskappe terugstuur nie.

Belangrike inligting soos toetsroosters, eksamensroosters, nuusbriewe en buitemuurseroosters sal op die “*WhatsApp broadcast groep”* sowel as op die skool se webwerf www.stulting.co.za geplaas word.

Indien u nie reeds die “*WhatsApp broadcast” groep* inligting ontvang nie beteken dit dat die skoolkantoor nie u aktiewe mobiele telefoonnommer het nie. Skakel asb. die skoolkantoor indien u u inligting wil opdateer of enige navrae het.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Gemeenskapsprojek (Kwartaal 3): Dit is winter en ons wil graag ons plaaslike ouetehuis van warm komberse en toiletware voorsien, maar met ‘n kinkel. Ons leerders gaan self betrokke wees met die “maak” van die komberse. Ons projek bestaan uit 4-fases:

1. Toiletware en komberse: Ons ontvang graag donasies vanaf 18 tot 21 Julie (toiletware + komberse of kombersmateriaal (dik kwaliteit “fleece”) 1.5mx1.5m tensy die wydte 1.2m i s – dan maak ons dit 1,2m x 1,2m.
2. Vrydag 28 Julie: R 10 vir “Funky hair-day”. Pannekoek en Vetkoek word ook verkoop.
3. Maandag 31 Julie – leerders help, as deel van die skoolprojek om materiaal te knip.
4. Ons gaan op Dinsdag 1 Augustus die komberse aan die ouetehuis skenk.

AKADEMIE

Skole heropen: Die skool heropen weer op Dinsdag 18 Julie om 07:30.

Ouer-onderwyservergaderings: Alle leerders het vandag hul akademiese rapporte van die tweede kwartaal ontvang. Geleentheid om hierdie uitslae te bespreek vind plaas op Woensdag 19 Julie. Ouers wat hierdie vergaderings moet bywoon sal briewe in die verband ontvang.

Grondslagfase Kinderkuns en Kuieraand: Hierdie geleentheid vind op 4 Augustus om 17:30 in die skoolsaal plaas. Ons kinderkuns word uitgestal en donasies vir die “koop” daarvan kan gemaak word. Dit dien as fondsinsameling vir die aanbou van speelrame in die GF speelgebied. Kaartjies kos R 50 en sluit ook quiche en sjerrie in.

“Warrior” Resies: Op die 10 Junie 2023 het Laerskool Stulting hul jaarlikse “*Warrior”* resies gehou. Ons het die jaar dit goed gedink om ons Opedag deel van die “*Warrior”* resies te maak en dit was 'n reuse sukses. Ons het 'n hele paar nuwe ouers en leerders verwelkom wat 'n skattejag deur die skool geniet het om so ook ons skoolgrond te leer ken, en daarna het hulle by ons Stulting leerders op die rugbyveld aangesluit waar ons “*Warrior”* resiesbaan reg was

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

om te geniet. Van springkastele, *fear factor*, stalletjies, pannekoek en soveel meer, het Stulting se personeel 'n dag vol pret verseker.

SPORT

Die winterseisoen het sommer vroeg begin met interskole wedstryde teen LS Verkenner. Dit was ‘n besige sportkwartaal met verskeie sportdae en interskole wedstryde waarin die Laerskool Stulting spanne baie goed gevaar het.

Tennis: Saskia van Loggerenberg het op 29 en 30 April aan die PE GrandPrix TSA-tennistoernooi wat in Port Elizabeth plaasgevind het deelgeneem. Saskia is maar in Gr. 3 en het die o/10-afdeling gewen. Geluk Saskia – Laerskool Stulting is trots op jou.

Rugby en Netbal (Aloe Cup): Die onder 11 A-rugbyspan en onder 13 A-netbalspan neem vanaf 22-24 Junie aan die Aloe Cup wat by Laerskool Jeffreysbaai aangebied word, deel.

Kouga Rugby: Veels geluk aan Alex-Zander Botha (11) en Daniel Maulgas (12) wat gekies is om Kouga tydens die EPPSRA o/12 Sub-unietoernooi wat vanaf 28 tot 29 Julie in Graaff Reinett gehou word te verteenwoordig.

Stulting Sporttoer (Suid-Kaap): Ons o/11A, 12A en 13A en B netbalspanne sowel as die o/11 en o/13A/B rugbyspanne gaan van 20 – 22 Julie op ons jaarlikse sporttoer na George en Riversdal. Baie sterkte aan hierdie spanne.

Buitesporte prestasies: Verskeie leerders neem aan aktiwiteite deel wat die skool nie aanbied nie. Ons moedig leerders aan om hul deelname en prestasies aan die skool deur te gee.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

- Roei: Baie geluk aan ons Oos-Kaap kano kampioen Sloan Warner – 1ste plek o/12 bordresies, 3.6km.

- Madiba Mayoral Cup – Gimnastiek: Die volgende leerders het almal deelgeneem aan die Madiba Mayoral Cup:

  Dewald Duvenage - 2de plek vir tuimel en 5de plek vir dubbel mini trampoline
  Yenzo Boyce - 3de plek vir dubbel mini trampolien
  Lize Landman - 7de plek vir dubbel mini trampolien
  Leani Knoesen - 2de plek vir tuimel en 6de plek vir dubbel mini trampolien
  Ryder Warner - 4de plek vir tuimel en 4de plek vir dubbel mini trampolien

- Amoné Jacobs het aan die volgende deelgeneem:

  13 Mei 2023 Oos-Kaap nr. 1 by Fairview PE: vryedans 2de plek, hoepel 1ste plek, en algeheel 1ste.
  27 Mei 2023 “Allstarz invitational”: vryedans 2de, hoepel 2de en algeheel 2de
  3de Junie 2023 “High performance circuit” in Paarl: hoepel 3 de plek.
  Patensie uitnodigingskompetisie: vryedans 2de, hoepel 1ste, algeheel 2de.
  Haar volgende kompetisie is by Gold Reef City “hp circuit” in Johannesburg.

KULTUUR

Radikale Redenaars: Op 17 Junie het die volgende leerders aan die Provinsiale kompetisie in Oos Londen deelgeneem: Amé Spangenberg, Annemie Botes, Lika Vermaak, Tatum Kleynhans en Xaleah Lippert. Die volgende leerders is gekies om aan die nasionale kompetisie in Boksburg (21 Aug) te gaan deelneem: Amé Spangenberg, Lika Vermaak, Xaleah Lippert en JC Vermaak.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Leerderkonsert opnames - Bestellingsdatum verleng: Ons onlangse leerderkonsert is deur *Gerber Photo and Film* (www.gerberphotoandfilm.co.za) verfilm. 'n Video opname sowel as individuele foto's van die konsert kan aangekoop word op USB (geheuestokkie) of individuele foto.

U gaan die opname / foto's direk by *Gerber Photo and Film* bestel en aankoop. Gebruik asb. die bankbesonderhede soos dit op die bestelblad voorkom en nie dieselfde besonderhede wat u gebruik om skoolfonds mee te betaal nie. Bestellings sluit op 11 Julie 2023. Voltooide foto's en USB geheuestokkies sal by die skool afgelewer word.

Kostes:

- 'n USB geheuestokkie met video opname van die konsert: R 130.00.
- 'n USB geheuestokkie met video opname van die konsert en alle foto's: R 190.00.
- Individuele foto's:

  Jumbo grootte – R 20.00

  A5 grootte – R 40.00

  A4 grootte – R 65.00

Volg asb. die volgende instruksies om u USB of individuele foto's direk by *Gerber Photo and Film* te bestel:

1. Tik die volgende skakel in op u webblaaier: https://clients.gerberphotoandfilm.co.za.
2. Gaan af op die bladsy totdat u by die konsertbladsy kom - ***(S)"TOEP" STORIES.***
3. Klik op die bladsy.
4. Tik die wagwoord in: **Dra die lig** *(Gebruik hoofletter en spasies).*
5. *Lees asb. die instruksies op hierdie bladsy rakende die plasing van 'n bestelling.*
6. U kan nou enige graad kies om na die foto's te kyk.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

7. U kan nou vanuit enige leêr 'n foto kies en dan na die betalings gaan.
8. Gebruik u kind se naam en klasnommer wanneer u die bestelling plaas.
9. Voltooi betaling *(Voltooi EFT op u bank toepassing).*
10. Stuur u betalingsbewys of enige navrae rakende die bogenoemde aan info@gerberphotoandfilm.co.za or via WhatsApp: 0721421460.

FONDSINSAMELING

Melk Produsente Organisasie (MPO): Stulting het deelgeneem aan die Oos-Kaap MPO Melkdag Plakker-projek. Leerders kon "koei"-plakkers teen R 10 elk koop en sodoende ook met gewone klere op Wereld Melkdag - 1 Junie skooltoe kom.

Ons het "Ons Tuiste" as ons skool se welsynsorganisasie genomineer. Die fondse wat hiermee ingesamel is is gebruik om melkprodukte teen kosprys direk by Woodlands Dairy aan te koop. Woodlands Dairy het ook 'n addisionele 50% produkte tot ons aankope gevoeg. Die aflewering van hierdie produkte het verlede week plaasgevind.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF